



Kraggakamma
Gemeente
Dus is God en freet die van liefde

Kuberkamma

10 November 2019

Jesaja 40 vers 29

"Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrieff eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

08h30 en 10h00 Hein Knoetze, wat skoolhoof was by die Driehoek skool toe die loopbrugramp plaasgevind het, kom lewer sy getuienis by altwee eredienste.

9h45 Kategese

Die deurdankoffer gaan vir **There4-bedieninge**

Program vir die Week en die vakansie

11 November	18h00	Administrasie
13 November	18h00	Dagbestuur
15 November	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
17 November	09h00 10h00	Eietydse Kerssangdiens in die kerkgebou Kategese Afsluiting

[Die kommunikamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Bid vir almal wat betrokke is by There4-bedieninge. Lees [hier](#) meer oor hulle werksaamhede.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge:

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Rusland:

Bid saam vir die eenheid van Christene in Rusland, sodat hulle deur kerklike verskille sal breek en sal saamwerk binne die Liggaam van Christus.

[Foto](#)

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

10 November	Zulay Jonker, André Kirchner, Lara Nell, Marius Thiart
11 November	Carli Human en Heila van der Merwe
12 November	Poen Odendaal en Liesl Strydom
13 November	Dup du Plessis, Santie du Plessis, Leonard van den Berg en Debah van Eeden
14 November	Lourens du Plessis, Adéle Landman, Gerhard Moolman, Isabella Rossouw en Karel van Niekerk
15 November	Sonja Dreyer, Nicole Hamilton, Jolanda Orban en Suzanne Vlok
16 November	Frans Krause, Roan Lowe en Francis van Niekerk



Padkos

Maak vrede. Wees gelukkig

Om agter geluk aan te trek asof dit 'n idilliese aardse bestemming is, of om geluk te probeer koop asof daar 'n spesifieke geldwaarde aan blywende vorms van geluk gekoppel is, is net so goed soos om agter die wind aan te hardloop. Die Prediker sê jy gaan verseker iets vang wanneer jy die wind jaag, maar dit gaan elke slag net nog 'n hand vol wind wees. As jy jou hand oopmaak, is dit alweer weg. Geluk is nie in die eerste plek 'n plek nie. Geluk kan nooit finaal vasgevang word in enige plek hier op aarde nie - nie as jy op soek is na langdurige "te-vrede-nheid" nie. Geluk setel in jou hart... of nie. Dit is 'n binne-ding. Bedoelende, dit begin in jou. As jy nie hier binne-in jou vrede het met die Here, met jouself, met ander, en ook met die lewe self nie, sal jy nooit blywende vrede vind nie. Dan sal geluk lewenslank 'n bewegende teiken bly wat jy keer op keer misloop. Maak vrede met Hom, met almal. Glo in daardie vrede wat jy opnuut gesluit het. Leef vanuit daardie vrede. Dit is geluk.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Kuergroete tot volgende keer

[2019-07-28]



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com